- (9) 'n Landdros wat uit sy of haar eie beweging foute in 'n vonnis ingevolge artikel 36(1)(c) van die Wet regstel, moet die partye skriftelik meedeel van die regstelling.”.

Wysiging van reël 55 van die Reëls

5. Reël 55 van Engelse teks van die Reëls word gewysig. Aangesien die reëls nog nie in Afrikaans beskikbaar is om gewysig te word nie, word Reël 55, soos in die Engels gewysig, as 'n geheel hier weergegee:

“55. Aansoeke

- (1) (a) Elke aansoek word gebring by kennisgewing van mosie ondersteun deur 'n beëdigde verklaring oor die feite waarop die aansoeker vir regshulp staatmaak.
(b) Die kennisgewing van mosie moet aan die party of partye teen wie regshulp geëis word en aan die griffier of klerk van die hof gerig word.
(c) Waar dit noodsaaklik of behoorlik is om enigiemand kennis te gee van 'n aansoek, moet die kennisgewing van mosie ook aan daardie persoon gerig en aan daardie persoon beteken word.
(d) (i) Die kennisgewing van mosie in elke aansoek behalwe tussentydse en ander aansoeke insidenteel tot hangende verrigtinge of een wat *ex parte* gedoen word, moet wesenlik bewoord wees soos Vorm 1A van aanhangsel 1.
(ii) Afdrukke van die kennisgewing en alle aanhangsels daarby moet aan elke party aan wie kennis gegee staan te word, beteken word.
(e) In 'n kennisgewing van mosie moet die aansoeker-
 - (i) 'n fisiese adres verstrek, welke fisiese adres, in plekke waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier of klerk van die hof moet wees, waar kennisgewing en betekening van alle dokumente in sodanige verrigtinge aanvaar sal word;
 - (ii) die aansoeker se posadres, faksnommer of e-posadres, waar beskikbaar, verstrek; en

- (iii) 'n keerdatum, nie minder as vyf dae na betekening daarvan aan die respondent, vir skriftelike kennisgewing deur daardie respondent aan die aansoeker hetsy hy of sy voornemens is om daardie aansoek te opponeer, en stel dat indien geen sodanige kennisgewing gegee word nie, die aansoek ter rolle geplaas sal word vir beregting op 'n spesifieke dag, hoogstens 10 dae na betekening van die kennisgewing aan die respondent.
- (f) Indien die respondent, voor of op die dag in die kennisgewing van mosie vir daardie doel vermeld, nie die aansoeker in kennis stel van sy of haar voorneme om teen te staan nie, kan die aansoeker die aangeleentheid ter rolle plaas om aangehoor te word deur die griffier of klerk van die hof kennis te gee vyf dae voor die dag waarop die aansoek aangehoor staan te word.
- (g) Enige party wat in 'n kennisgewing van mosie versoek dat 'n bevel toegestaan word, moet-
 - (i) binne die tydperk in die kennisgewing gestel, die aansoeker skriftelik in kennis stel dat hy of sy voornemens is om die aansoek teen te staan, en in daardie kennisgewing 'n adres verstrek wat, in plekke waar daar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier of klerk van die hof, waar hy of sy kennisgewing en betekening van alle dokumente sal aanvaar, asook daardie party se posadres, faksnommer of e-posadres, waar beskikbaar;
 - (ii) binne 10 dae nadat die aansoeker van sy of haar voornemens om die aansoek te opponeer in kennis gestel is, sy of haar antwoordverklaring, indien enige, vergesel van enige tersaaklike dokumente, lewer; en
 - (iii) waar hy of sy voornemens is om slegs regsrae te vra, kennisgewing van voorneme om dit te doen, lewer binne die tyd in subparagraaf (ii) gestel, waarin daardie vraag gestel word.
- (h)
 - (i) Na ontvangs van 'n kennisgewing van voorneme om te opponeer, moet die aansoeker onverwyld die oorspronklike kennisgewing van mosie plus aanhangsels daarby en, waar van toepassing, die relaas, by die die griffier of klerk van die hof indien.
 - (ii) Binne 10 dae van betekening aan hom of haar van die beëdigde verklaring en dokument in paragraaf (g)(ii) bedoel, kan die aansoeker 'n antwoordverklaring lewer.
- (i) Die hof kan op eie diskresie die indiening van verdere beëdigde verklarings toelaat.
- (j)
 - (i) Waar geen antwoordverklaring, of kennisgewing ingevolge paragraaf (g)(iii), binne die tydperk in paragraaf (g)(ii) bedoel, gelewer word nie, kan die aansoeker binne vyf dae van die verstryking daarvan by die griffier of klerk van die hof aansoek doen om 'n datum vir die beregting van die aansoek toe te wys.

- (ii) Waar 'n antwoordverklaring gelewer word, kan die aansoeker aansoek doen om 'n toewysing van die datum vir die beregting van die aansoek binne vyf dae vanaf die lewering van sy of haar antwoordverklaring of indien geen antwoordverklaring gelewer word nie, binne vyf dae vanaf die verstryking van die tydperk in paragraaf (h) bedoel en waar daardie kennisgewing gelewer word kan die aansoeker binne vyf dae na lewering van daardie kennisgewing om daardie toewysing aansoek doen.
- (iii) Indien die aansoeker versuim om aldus aansoek te doen binne die gepaste tydperk in subparagraaf (ii) voorsien, kan die respondent dit onmiddellik by verstryking van daardie tydperk doen.
- (iv) Skriftelike kennisgewing van die datum deur die griffier of klerk van die hof toegewys, moet deur die aansoeker of respondent, na gelang van die geval, aan die teenoorgestelde party gelewer word minstens 10 dae voor die datum vir die beregting toegeken.
- (k) (i) Waar 'n aansoek nie behoorlik op grond van beëdigde verklaring beslis kan word nie, kan die hof die aansoek afwys of sodanige bevel maak wat die hof gepas ag ten einde 'n regverdige en spoedige beslissing te verseker.
- (ii) Die hof kan in die besonder, maar sonder om die algemeenheid van subparagraaf (i) te raak, beveel dat mondelinge getuienis oor spesifieke kwessies aangehoor word ten einde enige feitegeskil uit die weg te ruim en kan vir die doel beveel dat enige deponent persoonlik verskyn of toestemming gee dat daardie persoon of enige ander persoon gedagvaar word om te verskyn en as 'n getuie ondervra en kruisondervra te word of die hof kan die aangeleentheid vir verhoor verwys met gepaste voorskrifte ten opsigte van pleit of omskrywing van kwessies, of andersins.
- (2) (a) Enige party tot enige aansoekverrigtinge kan 'n teenaansoek doen of kan by enige party aansluit tot dieselfde mate as wat geoorloof sou wees indien die party wat daardie teenaansoek wil bring of by daardie party aansluit waar 'n verweerder in 'n aksie en die ander partye tot die aansoek partye tot daardie aksie was.
- (b) Die tydperke voorgeskryf ten opsigte van aansoeke is *mutatis mutandis* van toepassing op teenaansoeke: Met dien verstande dat die hof by die aanvoer van goeie gronde die beregting van die aansoek kan uitstel.
- (3) (a) Geen aansoek waarin regshulp teen 'n ander party geëis word, word *ex parte* beskou nie, tensy die hof oortuig is dat -
- (i) die gee van kennis aan die party teen wie die bevel geëis word, die doel van die aansoek sal verydel; of
- (ii) die graad van dringendheid van so 'n aard is dat dit wegdoening van die kennisgewing regverdig.
- (b) Die kennisgewing van mosie in elke aansoek wat *ex parte* gedoen word, moet wesenlik bewoord wees soos Vorm 1 van aanhangsel 1.

- (c) Enige bevel op 'n *ex parte*-grondslag teen 'n party gegee is van 'n tussentydse aard en doen 'n beroep op die party teen wie dit gemaak word om op 'n vermelde keerdatum voor die hof te verskyn om gronde te gee waarom die bevel nie bevestig moet word nie.
- (d) Enigiemand teen wie 'n bevel *ex parte* gegee word, kan die keerdatum met 24-uur kennisgewing vervroeg.
- (e) 'n Afskrif van 'n bevel wat *ex parte* gegee is en van die beëdigde verklaring, indien enige, waarop dit gegee is, word aan die respondent daarop beteken.
- (f) Waar goeie gronde aangevoer word teen 'n bevel wat *ex parte* teen 'n party gegee is, kan die hof beveel dat die aansoeker of respondent of die deponent van enige beëdigde verklaring waarop dit gegee is vir ondervraging of kruisondervraging verskyn.
- (g) Enige bevel wat *ex parte* gegee is kan deur die hof bevestig, ophef of gewysig word by die aanvoer van goeie gronde deur enige persoon daardeur geraak en op voorwaardes wat die hof gepas ag.
- (h) *Ex parte*-aansoeke kan in kamers aangehoor word.
- (4) (a)(i) Tussentydse en ander aansoeke insidenteel tot hangende verrigtinge, moet by kennisgewing gebring word wat weselik bewoord is soos Vorm 1C van aanhangsel 1C, wat 'n datum aandui deur 'n griffier of klerk van die hof toegewys soos deur 'n landdros voorgeskryf voor wie die aangeleentheid aangehoor staan te word.
- (ii) Die kennisgewing moet deur beëdigde verklarings ondersteun word indien dit nodig is om feite aan die hof voor te lê.
- (iii) Afskrifte van die kennisgewing en alle aanhangsels daarby moet aan elke party beteken word aan wie kennisgewing gegee staan te word.
- (b) Aansoeke by die hof om magtiging om verrigtinge in te stel of voorskrifte ten opsigte van proses of betekening van dokumente kan *ex parte* gedoen word waar die gee van kennis van daardie aansoek nie gepas of nodig is nie.
- (5) (a) 'n Hof, indien oortuig dat 'n aangeleentheid dringend is, kan 'n bevel gee wat wegdoen met die vorms en betekening waarvoor hierdie Reëls voorsiening maak en kan die aangeleentheid afhandel op die tyd en plek en ooreenkomstig die prosedure (wat sover moontlik ingevolge hierdie Reëls moet wees) wat die hof gepas ag.
- (b) 'n Dringende aansoek moet deur 'n beëdigde verklaring ondersteun word wat die omstandighede wat die aansoeker aanvoer die aangeleentheid dringend maak, uitdruklik uiteensit en die redes waarom die aansoeker beweer dat hy of sy nie mettertyd wesentliche verhaal by 'n beregting sal kry nie.
- (c) Iemand teen wie 'n bevel in sy of haar afwesigheid in 'n dringende aansoek gegee is, kan by kennisgewing die aangeleentheid ter rolle plaas vir heroorweging van die bevel.
- (6) In enige aansoek teen enige Minister, adjunkminister, provinsiale premier, beampste of amptenaar van die Staat, in sy of haar hoedanigheid as sodanig, die Staat of die administrasie van enige provinsie, die tersaaklike

- tydperke in subreël (1)(e) bedoel, of vir die keurdatum van 'n bevel *nisi*, minstens 15 dae na die betekening van die kennisgewing van mosie, of die bevel *nisi*, na gelang van die geval, tensy die hof spesiaal 'n korter tydperk gemagtig het.
- (7) Die hof, na die beregting van 'n aansoek, hetsy *ex parte* of andersins, weier om 'n bevel te gee (behalwe oor koste indien enige), maar kan verlot aan die aansoeker toestaan om die aansoek te hernu op dieselfde papiere aangevul deur sodanige verdere beëdigde verklarings wat die saak vereis.
- (8) (a) Die notule van enige bevel benodig vir betekening of tenuitvoerlegging word opgestel deur die party wat daarop geregtig is en word goedgekeur en onderteken deur die griffier of klerk van die hof.
(b) Die afskrifte van die notule vir rekord en betekening in paragraaf (a) bedoel word gemaak deur die party in daardie paragraaf aangedui en die afskrif vir rekord word deur die griffier of klerk van die hof onderteken.
(c) Reëls 41 en 42, vir sover dit nodig mag wees in die tenuitvoerlegging van 'n bevel kragtens hierdie reël, is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige tenuitvoerlegging.
- (9) (a) Die hof kan by aansoek beveel dat enige aangeleentheid wat aanstootlik, kwelsugtig of irrelevant is uit 'n beëdigde verklaring geskrap word, met 'n gepaste bevel oor koste, met inbegrip van koste tussen prokureur en kliënt.
(b) Die hof staan nie die aansoek bedoel in paragraaf (a) toe nie, tensy die hof oortuig is dat die aansoeker in sy of haar saak benadeel sal word indien die aansoek nie toegestaan word nie.
- (10) Reëls 28 en 28A is ewe veel op alle aansoeke van toepassing.

Wysiging van aanhangsel 1 tot die Reëls

6. Aangangsel 1 tot die Reëls word hierby gewysig deur die vorms in die aanhangsel hierby, by te voeg.

Inwerkingtreding

7. Hierdie reëls tree in werking op **1 Augustus 2018**.

AANHANGSEL

“No. 1C – Kennisgewing van Mosie (Kort vorm, vir tussentydse of ander aansoeke insidenteel tot hangende verrigtinge)

*** Vir gebruik in die distrikshof**

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN

Gehou te Saaknommer:

In die aangeleentheid tussen:

..... Aansoeker

en

..... Respondent

NEEM KENNIS dat aansoek namens die bogenoemde aansoeker gedoen sal word op die dag van om 9:00 of so gou daarna as wat die partye aangehoor kan word vir 'n bevel op die volgende voorwaardes:

(a)

(b).....

(c).....

en dat die hierby aangehegte beëdigde verklaring van ter ondersteuning daarvan gebruik sal word.

Plaas asseblief dienooreenkomstig die aangeleentheid ter rolle vir beregting.

GEDATEER te hierdie dag van..... 20

.....
Aansoeker/aansoeker se prokureur
(Fisiese adres)

Aan: 1. Die Klerk van die bogenoemde Hof

.....

2. Respondent/respondent se prokureur
(Fisiese adres)

.....

No. 1C – Kennisgewing van mosie (Kort vorm, vir tussentydse of ander aansoeke insidenteel tot hangende verrigtinge)

*** Vir gebruik in die Streekhof**

IN DIE STREEKHOF VIR DIE STREEKAFDELING VAN

Gehou te Saaknommer:

In die aangeleentheid tussen:

..... Aansoeker

en

..... Respondent

NEEM KENNIS dat aansoek namens die bogenoemde aansoeker gedoen sal word op die dag van om 9:00 of so gou as moontlik daarna soos die partye aangehoor kan word vir 'n bevel op die volgende voorwaardes:

(a)

(b).....

(c).....

en dat die beëdigde verklaring van hierby aangeheg ter ondersteuning daarvan gebruik sal word.

Plaas asseblief die aangeleentheid dienooreenkomstig ter rolle vir beregting.

GEDATEER te op hierdie..... dag van 20

.....
Aansoeker/Aansoeker se prokureur
(Fisiese adres)

To: 1. Die Registrateur

.....

2. Respondent/Respondent se prokureur
(Fisiese adres)

.....

No. 5A – Versoek vir vonnis waar die verweerder aanspreeklikheid erken het en onderneem het om die skuld in paaiemente of andersins te betaal – Artikel 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die distrikshof**

In die Landdroshof vir die distrik van
 gehou te Saaknommer van 20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Eiser
 en

..... Verweerder

Eiser versoek dat vonnis in die bogenoemde aangeleentheid ingevolge artikel 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944, in sy of haar guns teen die verweerder aangeteken word soos volg:

Vonnisskuld: R c

Koste: R c

Uitstaande saldo van die skuld

Rente teenpersent per jaar bereken van

Insamelingsgelde

Dagvaardings, indien enige (prokureursgelde, baljugele en baljugele by heruitreiking)

Koste van beëdigde verklaring deur eiser/sertifikaat deur eiser se prokureur.....

Koste van geregistreerde brief

Koste van kennisgewing ingevolge reël 54(1)

Aanmaning (artikel 56)

Versoek om vonnis (artikel 57)

Erkenning van aanspreeklikheid en onderneming om te betaal (artikel 57)

Totale R R

Totaal R

plus verdere rente teen persent per jaar met ingang van die vonnisdatum tot die datum van betaling, en dat betaling daarvan geskied ooreenkomstig die verweerder se aanbod.

Die volgende dokumente word aangeheg:

(a) Die dagvaarding, of indien geen dagvaarding uitgereik is nie, 'n afskrif van die aanmaning;

(b) die verweerder se skriftelike erkenning van aanspreeklikheid en aanbod wat die bedrag aandui van die paaierement deur die verweerder aangebied;

(c) volle besonderhede en dokumentêre bewys van die verweerder se—

(i) maandelikse of weeklikse inkomste, waar redelik moontlik ondersteun deur die mees onlangse bewys daarvan in besit van die verweerder;

(ii) ander hofbevele of ooreenkomste, indien enige, met ander skuldeisers vir betaling van 'n skuld en koste in paaieremente;

sodat die hof op hoogte gebring kan word van die verweerder se finansiële posisie toe die aanbod gemaak en aanvaar is; en

(iii) indien die skriftelike toestemming 'n toestemming tot 'n besoldigingsbeslagbevel bevat, die kennisgewing aan die werkgewer en die vonnisskuldeiser oor die voorneme om die hof te versoek om 'n besoldigingbeslagbevel magtig;

(d) 'n afskrif van die eiser of sy of haar skriftelike aanvaarding van die aanbod en bewys dat dit aan die verweerder gepos is; en

(e) 'n beëdigde verklaring deur die eiser of 'n sertifikaat deur sy of haar prokureur wat stel hoekom die verweerder versuim het om die terme van sy of haar aanbod uit te voer en, indien die verweerder enige betalings gemaak het sedert die aanmaning of dagvaarding, wat toon hoe die saldo wat geëis word, bereken is.

Gedateer te op hierdie dag van,
20.....,

Eiser/eiser se prokureur

.....

(Adres)

.....

Vonnis toegestaan op die dag van 20 ten gunste van die eiser vir die bedrag van R..... en die bedrag van R..... koste.

Die verweerder word verder beveel om die voormelde vonnis en koste te betaal in maandelikse/weeklikse paaieremente van R /Die verweerder word verder beveel om die genoemde vonnis en koste ooreenkomstig die aanbod te betaal.* **

Die eerste paaierement moet betaal word voor of op en daarna voor of op die dag van elke daaropvolgende maand/week* totdat die uitstaande saldo van die vonnisskuld en -koste ten volle betaal is.

.....
 Hof

*Skrap wat nie van toepassing is nie

** Besoldigingbeslagbevel kan slegs uitgereik word as die hof oortuig is dat aan artikel 65J(2A) voldoen word.

No. 5A – Versoek om vonnis waar die verweerder aanspreeklikheid erken het en onderneem het om die skuld in paaiemente of andersins te betaal - Artikel 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die streekhof**

In die streekhof vir die streekafdeling van.....

gehou te Saaknommer van 20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Eiser

en

..... Verweerder

Eiser versoek dat vonnis in die bogenoemde aangeleentheid ingevolge artikel 57 van die Wet op Landdroshowe, 1944, in sy of haar guns soos volg teen die verweerder aangeteken word:

Vonnisskuld: R c

Koste: R c

Uitstaande balans van die skuld

Rente teenpersent per jaar bereken vanaf

Insamelingsgelde

Dagvaarding, indien enige (prokureursfooie, baljugelde en baljugelde by heruitreiking)

Koste van beëdigde verklaring of bevestiging deur eiser/sertifikaat deur eiser se prokureur

Koste van geregistreerde brief

Koste van kennisgewing ingevolge reël 54(1)

Aanmaning (artikel 56)

Versoek om vonnis (artikel 57)

Erkenning van aanspreeklikheid en onderneming om te betaal (artikel 57)

Totale R R

Totaal R

plus verdere rente teen persent per jaar met ingang van die datum van vonnis tot die datum van betaling, en dat betaling daarvan plaasvind ooreenkomstig die verweerder se aanbod.

Die volgende dokumente is aangeheg:

(a) Die dagvaarding of indien geen dagvaarding uitgereik is nie, 'n afskrif van die aanmaning;

(b) die verweerder se skriftelike erkenning van aanspreeklikheid en aanbod wat die bedrag van die paalement deur die verweerder aangebied, verstrek;

(c) volle besonderhede en dokumentêre bewyse van die verweerder se—

(i) maandelikse of weeklikse inkomste en uitgawes, waar redelik moontlik ondersteun deur die mees onlangse bewys in besit van die verweerder;

(ii) ander hofbevele of ooreenkomste, indien enige, met ander skuldeisers vir betaling van 'n skuld en koste in paalemente,

sodat die hof op hoogte gebring kan word van die verweerder se finansiële posisie toe die aanbod gemaak en aanvaar is; en

(iii) indien die skriftelike toestemming 'n toestemming tot 'n besoldigingbeslagbevel bevat, die kennisgewing aan die werkgewer en die vonnisskuldeiser van die voorneme om te versoek dat die hof 'n besoldigingbeslagbevel magtig;

(d) 'n afskrif van die eiser of sy of haar prokureur se skriftelike aanvaarding van die aanbod en bewys dat dit aan die verweerder gepos is; en

(e) 'n beëdigde verklaring deur die eiser of 'n sertifikaat van sy of haar prokureur waarin gestel word in watter opsigte die verweerder versuim het om die terme van sy of haar aanbod uit te voer en, indien die verweerder enige betalings gemaak het sedert die datum van die aanmaning of dagvaarding, wys hoe die saldo wat geëis word, bereken word.

Gedateer te hierdie dag van,
20.....,

Eiser/Eiser se prokureur

.....

(Adres)

.....

Vonnis toegestaan op die dag van 20 ten gunste van die eiser vir die bedrag van R..... en die bedrag van R..... koste.

Die verweerder word verder beveel om die genoemde vonnis en koste in maandelikse/weeklikse paalemente van R..... te betaal /Die verweerder word verder

beveel om die genoemde vonnis en koste ooreenkomstig die aanbod te betaal.* **

Die eerste paaieiment moet voor of op..... betaal word en daarna voor of op die dag van elke daaropvolgende maand/week* totdat die uitstaande saldo van die vonnisskuld en koste ten volle betaal is.

.....

Hof

*Skrap wat nie van toepassing is nie

** Besoldigingbeslagbevel kan slegs uitgereik word indien die hof oortuig is dat aan artikel 65J(2A) voldoen is.

No. 5B – Versoek om vonnis waar die verweerder tot vonnis ingestem het - Artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die distrikshof**

In die Landdroshof vir die distrik van

gehou te Saaknommer van
20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Eiser

en

..... Verweerder

Eiser versoek dat vonnis in die bogenoemde aangeleentheid ingevolge artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944, ten gunste van die eiser teen die verweerder aangeteken word:

Vonnisskuld: R c

Koste: R c

Bedrag van skuld

Rente teen.....persent per jaar bereken vanaf

Aanmaning (artikel 56)

Dagvaarding, indien enige (prokureursfooie, baljugelde en baljugelde by heruitreiking)

.....

Koste van kennisgewing ingevolge reël 54(1)

Versoek om vonnis (artikel 58)

Toestemming tot vonnis (artikel 58)

Totale.....	R	R
Totaal.....		R

en dat betaling daarvan ooreenkomstig die verweerder se toestemming plaasvind.

Die volgende dokumente word aangeheg:

(a) Die dagvaarding, of indien geen dagvaarding uitgereik is nie, 'n afskrif van die aanmaning;

(b) die verweerder se skriftelike toestemming tot vonnis; en

(c) indien die verweerder instem tot 'n hofbevel vir betaling in gespesifiseerde paaieimente–

(i) die skriftelike toestemming wat die bedrag van die gespesifiseerde paaieimente aandui; en

(ii) volle besonderhede en dokumentêre bewyse van die verweerder se–

(aa) maandelikse of weeklikse inkomste en uitgawes, waar redelik moontlik ondersteun deur die mees onlangse bewys daarvan in besit van die verweerder;

(bb) ander hofbevele of ooreenkomste, indien enige, met ander skuldeisers vir betaling van 'n skuld en koste in paaieimente;

sodat die hof op hoogte gebring kan word van die verweerder se finansiële posisie toe die verweerder tot die vonnis toegestem het; en

(cc) indien die skriftelike toestemming 'n toestemming tot 'n besoldigingbeslagbevel bevat, die kennisgewing aan die werkgewer en die vonnisskuldeiser oor die voorneme om die hof te versoek om 'n besoldigingbeslagbevel te magtig.

Gedateer te hierdie dag van,
20.....

Eiser/eiser se prokureur:

.....

(Adres)

.....

.....

Vonnis toegestaan op die dag van 20 ten gunste van die eiser

vir die bedrag van R en die bedrag van R koste waarvoor die verweerder tot vonnis ingestem het.

Die verweerder word verder beveel om die genoemde vonnis en koste in maandelikse/weeklikse paaierente van R..... te betaal/Die verweerder word verder beveel om die genoemde vonnis en koste ooreenkomstig die aanbod te betaal.* **

Die eerste paaierent moet voor of op betaal word en daarna voor of op die dag van elke daaropvolgende maand/week* totdat die uitstaande balans van die vonnisskuld en koste ten volle betaal is.

.....

Hof

* Skrap wat nie van toepassing is nie

** 'n Besoldigingbeslagbevel kan slegs uitgereik word indien die hof oortuig is dat aan artikel 65J(2A) voldoen word.

No. 5B – Versoek om vonnis waar die verweerder tot vonnis ingestem het – Artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die streekhof**

In die streekhof vir die streekafdeling van
gehou te Saaknommer. van 20.....

In die aangeleentheid tussen
..... Eiser

en
..... Verweerder

Eiser versoek dat vonnis in die bogenoemde aangeleentheid ingevolge artikel 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944, ten gunste van die eiser teen die verweerder aangeteken word:

Vonnisskuld: R c

Koste: R c

Bedrag van skuld

Rente teen.....persent per jaar bereken vanaf

Aanmaning (artikel 56)

Dagvaarding, indien enige (prokureursfooie, baljugelede en baljugelede by heruitreiking)

Koste van kennisgewing ingevolge reël 54(1)

Versoek om vonnis (artikel 58)		
Toestemming tot vonnis (artikel 58)		
Totale.....	R	R	
Totaal.....		R	

en dat betaling daarvan plaasvind ooreenkomstig die verweerder se toestemming.

Die volgende dokumente word aangeheg:

(a) Die dagvaarding, of indien geen dagvaarding uitgereik is nie, 'n afskrif van die aanmaning;

(b) die verweerder se skriftelike toestemming tot vonnis; en

(c) indien die verweerder instem tot 'n hofbevel vir betaling in gespesifiseerde paaieimente–

(i) die skriftelike toestemming wat die bedrag van die gespesifiseerde paaieimente aandui; en

(ii) volle besonderhede en dokumentêre bewyse van die verweerder se–

(aa) maandelikse of weeklikse inkomste en uitgawes, waar redelik moontlik ondersteun deur die mees onlangse bewys daarvan in besit van die verweerder;

(bb) ander hofbevele of ooreenkomste, indien enige, met ander skuldeisers vir betaling van 'n skuld en koste in paaieimente;

sodat die hof op hoogte gebring kan word van die verweerder se finansiële posisie toe die verweerder tot vonnis toegestem het; en

(cc) indien die skriftelike toestemming 'n toestemming tot 'n besoldigingsbeslagbevel bevat, die kennisgewing aan die werkgewer en die vonnisskuldeiser oor die voorneme om die hof te versoek om 'n besoldigingbeslagbevel te magtig.

Gedateer te op hierdie dag van,
20.....

Eiser/Eiser se prokureur:

.....

(Adres)

.....

.....
 Vonnis toegestaan op die dag van 20 ten gunste van die eiser vir die bedrag van R en die bedrag van R vir koste waarvoor die verweerder tot vonnis ingestem het.

Die verweerder word verder beveel om die voormelde vonnis en koste in maandelikse/weeklikse paaieimente van R..... te betaal/Die verweerder word verder beveel om die genoemde vonnis en koste ooreenkomstig die aanbod te betaal.* **

Die eerste paaieiment moet voor of op betaal word en daarna voor of op die dag van elke daaropvolgende maand/week* totdat die uitstaande balans van die vonnisskuld en koste ten volle betaal is.

.....
 Hof

* Skrap wat nie van toepassing is nie

** Besoldigingbeslagbevel kan slegs uitgereik word indien die hof oortuig is dat aan artikel 65J(2A) voldoen word

No. 5C – Aansoek om vernietiging van vonnis ingevolge artikel 36(3) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die distrikshof**

In die Landdroshof vir die distrik van

gehou te Saaknommer. van 20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Aansoeker

en

..... Respondent

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat aansoek by die bogenoemde edelagbare hof gedoen sal word, op _____ om 9:00, of so gou daarna soos die aangeleentheid bereg mag word vir 'n bevel op die volgende voorwaardes:

Vernietiging van die vonnis wat in hierdie aangeleentheid teen die aansoeker toegestaan is op (vermeld datum van vonnis).

1. Geen kostebevel/Koste staan deur respondent betaal te word nie indien geopponeer.*

NEEM VERDER KENNIS dat die aangehegte beëdigde verklaring van die aansoeker, wat redelike bewyse bevat dat die vonnisskuld, die rente en die koste betaal is en dat aansoek ten minste 10 hofdae voor die beregting aan die vonnisskuldeiser beteken is, ter ondersteuning van hierdie aansoek gebruik sal word.

Geteken te _____ op hierdie dag van 20 .

.....
Handtekening van aansoeker/aansoeker se prokureur

Adres van aansoeker/aansoeker se prokureur

.....
.....
.....

Aan: Die klerk van die hof

.....
.....

Aan: Respondent/respondent se prokureur

Adres van respondent/respondent se prokureur

.....
.....
.....

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

No. 5C – Aansoek om vernietiging van vonnis ingevolge artikel 36(3) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Vir gebruik in die Streekhof**

In die Streekhof vir die streekafdeling van

gehou te Saaknommer. van 20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Aansoeker

en

..... Respondent

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die aansoek by die bogenoemde edelagbare hof gedoen sal word op _____ om 9:00, of so gou daarna as wat die aangeleentheid aangehoor kan word vir 'n bevel op die volgende voorwaardes:

1. Vernietiging van die vonnis wat in hierdie aangeleentheid teen die aansoeker toegestaan is op (vermeld datum van vonnis).
2. Geen kostebevel/ Koste moet deur respondent betaal word indien geopponeer.*

NEEM VERDER KENNIS dat die aangehegte beëdigde verklaring van die aansoeker, wat redelike bewyse bevat dat die vonnisskuld, die rente en die koste betaal is en dat aansoek ten minste 10 hofdae voor die beregting aan die vonnisskuldeiser beteken is, ter ondersteuning van hierdie aansoek gebruik sal word.

Geteken te _____ op hierdie dag van 20 .

.....
Handtekening van aansoeker/aansoeker se prokureur

Adres van aansoeker/aansoeker se prokureur
.....
.....
.....

Aan: Die griffier van die hof
.....
.....

Aan: Respondent/respondent se prokureur
.....
Adres van respondent/respondent se prokureur
.....
.....
.....

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

No. 38 - Besoldigingbeslagbevel - Artikel 65J van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Slegs vir gebruik in die distrikshof**

In die Landdroshof vir die distrik van.....
gehou te Saaknommer. van 20.....

In die aangeleentheid tussen
.....Vonnisskuldeiser
en
.....Vonnisskuldenaar

Besonderhede van die vonnisskuldenaar (waar beskikbaar):

Identiteitsnommer/Paspoortnommer:.....

Werknemernommer:.....

Adres:

Besonderhede van die beslagskuldenaar:

..... Beslagskuldenaar

Adres:

Aangesien dit aan die bogenoemde hof laat blyk is dat besoldigings tans of in die toekoms verskuldig is of toeval aan die vonnisskuldeiser deur of van die beslagskuldenaar en dat nadat die volgende bevel aan voldoen is, voldoende middele aan die vonnisskuldenaar oorgelaat sal wees om sigself en diegene wat van hom haar afhanklik is, te ondersteun;

Daar word beveel:

(1) Dat die genoemde besoldigings aangeheg is;

(2) Dat die beslagskuldenaar aan sy of haar prokureur op die dag van elke maand/week nadat hierdie bevel uitgereik is, die bedrag van R..... van die besoldiging van die voormelde vonnisskuldenaar betaal totdat genoeg betaal is om te voldoen aan 'n vonnis of bevel teen die vonnisskuldenaar verkry deur die vonnisskuldeiser in die hof by op die dag van vir die bedrag van R (op welke vonnis of bevel die bedrag van R steeds uitstaande is) met koste ten bedrae van R en die koste van die beslaglegging ten bedrae van R asook R baljugelede.

Gedateer te op hierdie dag van,
20.....

Op las van die hof

.....

Klerk van die hof

.....

Vonnisskuldeiser/prokureur vir vonnisskuldeiser.

Adres van vonnisskuldeiser/prokureur van vonnisskuldeiser.

.....

U AANDAG WORD GEVESTIG op artikel 65J(6) van die Wet op Landdroshowe, 1944, wat soos volg bepaal:

“(a) Indien na betekening van so 'n besoldigingbeslagbevel aan die beslagskuldenaar, die beslagskuldenaar glo of daarvan bewus word of dit andersins bewus word dat die—

(i) vonnissskuldenaar, nadat aan die besoldigingbeslagbevel voldoen is, nie genoegsame middele sal hê vir sy of haar eie onderhoud of dié van sy of haar afhanklikes nie; of

(ii) geëiste bedrae foutief of nie volgens die reg is nie,

moet die beslagskuldenaar, vonnissskuldenaar of 'n ander belanghebbende die vonnissskuldeiser of sy of haar prokureur onverwyld skriftelik dienooreenkomstig in kennis stel.

(b) Die skriftelike kennisgewing bedoel in paragraaf (a) moet die redes uiteensit waarom geglo word of vir die kennis dat die vonnissskuldenaar nie genoegsame middele sal hê vir sy of haar eie onderhoud of dié van sy of haar afhanklikes nie of die bedrae wat geëis word foutief of nie volgens die reg is nie.

(c) Die vonnissskuldeiser of sy of haar prokureur moet, na ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a), sonder versuim aandui of hy of sy die redes in daardie kennisgewing gegee, aanvaar en indien nie, die aangeleentheid ter rolle plaas met kennisgewing aan die beslagskuldenaar, vonnissskuldenaar en enige ander belanghebbende bedoel in paragraaf (a).

(d) Die hof kan, na beregting van alle partye en as die hof tevrede is dat die bevel regverdig en billik is—

(i) die besoldigingbeslagbevel vernietig of dit op so 'n wyse wysig dat dit slegs die saldo van die besoldiging van die vonnissskuldenaar bo en behalwe die genoegsame middele benodig vir sy of haar eie onderhoud of dié van sy of haar afhanklikes, sal raak; of

(ii) enige bevel gee, met inbegrip van 'n bevel rakende die verdeling van die bedrag beskikbaar vir toedeling aan al die besoldigingbeslagbevele, indien die hof tevrede is dat die bedrag gepas is en nie 25 persent van die vonnissskuldenaar se basiese salaris oorskry nie en 'n bevel rakende koste.

U AANDAG WORD VERDER GEVESTIG op die bepalings van subartikel 65J(10)(a) en (b) van die Wet op Landdroshowe, 1944, wat soos volg lui:

“(a) 'n Beslagskuldenaar kan vir die dienste deur hom of haar gelewer ingevolge 'n besoldigingbeslagbevel 'n kommissie van hoogstens 5 persent van alle bedrae deur hom of haar afgetrek van die vonnissskuldenaar se besoldiging op die vonnissskuldeiser verhaal deur daardie kommissie af te trek van die bedrag wat aan die vonnissskuldeiser betaalbaar is.

(b) 'n Beslagskuldenaar wat—

(i) onredelikerwys versuim om die bedrag van die besoldigingbeslagbevel betyds af te trek soos in subartikel (4)(a) bepaal; of

(ii) onredelikerwys versuim om die aftrekkings betyds te stop wanneer die vonnisskuld en koste ten volle betaal is, is aanspreeklik vir die terugbetaling aan die vonnisskuldenaar van enige ekstra koste en rente wat opgehoop het of enige bedrag wat van die besoldiging van die vonnisskuldenaar afgetrek is, nadat die vonnisskuld en koste as gevolg van so 'n versuim ten volle betaal is.”

BELANGRIKE KENNISGEWING:

U AANDAG WORD GEVESTIG OP artikel 65J(3) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (gelees met artikel 3(1) van die Wet op Balju's, 1986), wat bepaal dat slegs 'n balju hierdie bevel aan 'n beslagskuldenaar mag beteken en, waar van toepassing, aan die vonnisskuldeiser op die wyse deur reël 9 van die Landdroshofreëls voorgeskryf. Betekening van hierdie bevel deur iemand wat nie 'n balju is wat ingevolge artikel 2 van die Wet op Balju's, 1986, aangestel is nie, stel 'n strafregtelike misdryf ingevolge artikel 60(1)(gA) van die Wet op Balju's, 1986, daar en laat sodanige betekening ongeldig en sonder gevolg. 'n Persoon wat aan 'n misdryf ingevolge artikel 60(1)(gA) van die Wet op Balju's, 1986, skuldig bevind word is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

No. 38A – Kennisgewing van voorneme om 'n besoldigingbeslagbevel uit te reik – Artikel 65J(2A) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)

***Slegs vir gebruik in die distrikshof**

In die landdroshof vir die distrik van..... gehou
te..... Saaknommervan 20.....

In die aangeleentheid tussen

..... Vonnisskuldeiser

en

..... Vonnisskuldenaar

Besonderhede van die vonnisskuldenaar (waar beskikbaar):

Identiteitsnommer/geboortedatum/Paspoortnommer:.....p

Werknemernommer:.....

Adres:.....

Besonderhede van die beslagskuldenaar:

.....Beslagskuldenaar

Adres:.....

AAN: DIE BOGENOEMDE VONNISSKULDENAAR EN SY OF HAAR WERKGEWER (HIERNA DIE “BESLAGSKULDENAAR” GENOEM):

AANGESIEN die hof op (datum) beveel het dat beslag op die vonnisskuldenaar se besoldiging gelê word en dat die beslagskuldenaar R van die besoldiging van die genoemde vonnisskuldenaar op die dag van elke maand/week met ingang van (datum) aan die vonnisskuldeiser of sy of haar prokureur moet betaal totdat genoeg betaal is om te voldoen aan die vonnis of bevel deur die vonnisskuldeiser teen die vonnisskuldenaar verkry in die hof in op die dag van vir die bedrag van R..... (op welke vonnis die bedrag van R steeds uitstaande is) met koste wat R..... bedra en die koste van die beslaglegging wat R..... bedra asook R..... baljugelde.

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die vonnisskuldeiser voornemens is om aansoek te doen om die uitreiking van die voormelde besoldigingbeslagbevel.

NEEM VERDER KENNIS dat die volle bedrag van die uitstaande kapitaalskuld, rente en koste die som van R....., gestaaf deur die rekeningstaat hierby aangeheg.

NEEM VERDER KENNIS dat tensy die vonnisskuldenaar of sy of haar werkgewer (hierin die beslagskuldenaar genoem) 'n kennisgewing indien van voorneme om die uitreiking van die besoldigingbeslagbevel binne 10 hofdae na betekening van hierdie vorm 38A-kennisgewing, die vonnisskuldeiser by die hof sal aansoek doen om die uitreiking van 'n besoldigingbeslagbevel. Die kennisgewing van voorneme om te bestry, indien enige, moet gelewer word deur—

- (a) 'n afskrif daarvan aan die vonnisskuldeiser of sy of haar prokureur te beteken; en
- (b) die oorspronklike daarvan by die klerk van hierdie hof te beteken in te dien.

NEEM VERDER KENNIS dat—

- (i) van u vereis word om in u kennisgewing van voorneme om te opponeer, u volle fisiese adres, woonadres, sakeadres, posadres en waar beskikbaar, faksnommer en e-posadres, te verstrek; en die voorkeuradres vir betekening aan u van alle dokumente in hierdie aangeleentheid, en betekening daarvan by die aldus gegewe adres moet geldig en van krag wees, behalwe waar persoonlike betekening by hofbevel vereis word; en
- (ii) indien u 'n fisiese adres in u kennisgewing van voorneme om te opponeer verstrek en dit as voorkeuradres aangedui word vir die doel van betekening, moet daardie adres, in plekke waar drie of meer prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, binne 15 kilometer van die hofgebou wees.

NEEM VERDER KENNIS dat—

- (1) Die beoogde kennisgewing van voorneme om te opponeer die gronde moet stel waarop die vonnisskuldenaar of werkgewer die uitreiking van 'n besoldigingbeslagbevel wil opponeer;

(2) Die gronde wat gebruik kan word om die uitreiking van die besoldigingbeslagbevel te opponeer sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

(a) dat die bedrae wat geëis word verkeerd of nie ooreenkomstig die reg is nie; of

(b) dat 25 persent van die vonnisskuldenaar se basiese salaris reeds aan ander besoldigingbeslagbevele toegewys is en dat die skuldenaar nie voldoende middele oor sal hê om sigself of sy of haar afhanklikes te onderhou nie.

(3) Die kennisgewing van voorneme om te opponeer moet vergesel gaan van—

(a) 'n sertifikaat van die werkgewer van die vonnisskuldenaar wat besonderhede vermeld van—

(i) alle bestaande hofbevele teen die vonnisskuldenaar of ooreenkomste met ander skuldeisers vir betaling van 'n skuld en koste in paaiemente; en

(ii) wanneer redelikerwys bereikbaar, die bedrae deur die vonnisskuldenaar benodig vir noodsaaklike uitgawes en uitgawes van sy of haar afhanklikes vir die maak van periodieke betalings wat hy of sy verplig is om te maak ingevolge 'n ooreenkoms of andersins ten opsigte van sy of haar ander verpligtinge;

(b) die kontakbesonderhede van al die tersaaklike vonnisskuldeisers of hul prokureurs; en

(c) die jongste salarisadvies van die vonnisskuldenaar.

NEEM VERDER KENNIS dat indien hierdie aangeleentheid teengestaan word, dit ter rolle geplaas kan word vir beregting met 10 hofdae kennisgewing.

NEEM VERDER KENNIS dat indien u hierdie aangeleentheid nie opponeer nie, by die hof op die dag van om 09h00 aansoek gedoen sal word of so gou as moontlik daarna soos hierdie aangeleentheid bereg kan word, om die uitreiking van 'n besoldigingbeslagbevel.

NEEM VERDER KENNIS dat u 'n reg het om deur 'n regsverteenwoordiger ('n prokureur) van eie keuse bygestaan te word. **INDIEN U NIE DIE DIENSTE VAN 'N REGSVERTREENWOORDIGER KAN BEKOSTIG NIE, HET U DIE REG OM AANSOEK TE DOEN OM REGSHULP SODAT 'N PROKUREUR AAN U TOEGEKEN KAN WORD INDIEN U KWALIFISEER.**

Gedateer tehierdie.....dag van.....20.....

.....

Vonnisskuldeiser/vonnisskuldeiser se prokureur

Fisiese adres (binne 15 kilometer van die hofgebou):

.....
.....
.....

Posadres:

E-posadres:

Faks:

Dui die voorkeuradres vir betekening aan:

.....

*Sien artikel 65J(1A)(a) en (b) van die Wet op Landdroshowe, 1944, wat soos volg lui:

“(a) Die bedrag van die paaient betaalbaar of die totale bedrag van paaiente betaalbaar waar daar meer as een besoldigingbeslagbevel deur die vonnisskuldenaar betaalbaar is, mag nie 25 persent van die vonnisskuldenaar se basiese salaris oorskry nie.

(b) By die toepassing van hierdie artikel, beteken ‘basiese salaris’ die jaarlikse bruto salaris van ‘n vonnisskuldenaar gedeel deur 12 en sluit dit bykomende vergoeding vir oortyd en ander toelaes uit.”

DEPARTMENT OF TRANSPORT

NO. R. 633

22 JUNE 2018

CIVIL AVIATION ACT, 2009 (ACT NO. 13 OF 2009)

CIVIL AVIATION REGULATIONS, 2011

The Minister of Transport intends, in terms of section 155(1) of the Civil Aviation Act, 2009 (Act No. 13 of 2009) and on the recommendation of the Civil Aviation Regulations Committee (CARCom), to amend the Civil Aviation Regulations, 2011, by the amendment of the following Parts set out in Schedules below:

Schedule 1:	Part 61	(Pilot Licensing)
Schedule 2:	Part 121	(Air Transport Operations – Carriage on aeroplanes of more than 19 passengers or cargo)
Schedule 3:	Part 139	(Aerodromes and Heliports)

The Director of Civil Aviation intends, in terms of section 163 of the Civil Aviation Act and on Recommendation of CARCom, to amend the Technical Standards by the amendment of the Following parts set out in the Schedules below:

Schedule 4: SA CATS 67 (Medical Certification)

Electronic copies of the draft Amendments are available in the South African Civil Aviation Authority website at www.caa.co.za and can also be requested from Siphos Skosana at skosanas@caa.co.za or Josephine Freese at freesej@caa.co.za

Interested persons are hereby invited to submit written comments on these draft amendments on or before the **22 July 2018** to the Chairperson: CARCom, for the attention of.

Siphos Skosana
Private Bag X73
Halfway house
1685

Email: skosanas@caa.co.za
Tel: 011 545 - 1095

or

Josephine Freese
Private Bag X73
Halfway house
1685

Email: freesej@caa.co.za
Tel: 011 545 - 1549

Vol. 636

**22 June
Junie 2018**

No. 41728

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

No FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

<i>No.</i>		<i>Gazette No.</i>	<i>Page No.</i>
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS			
Higher Education and Training, Department of/ Hoër Onderwys en Opleiding, Departement van			
637	Skills Development Act (97/1998): National List of Occupations in High Demand, 2018	41728	4

GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING

NO. 637

22 JUNE 2018

I, Grace Naledi Mandisa Pandor, Minister of Higher Education and Training, after issuing a Call for Evidence to a wide range of stakeholders, as part of the methodology adopted to identify Occupations in High Demand (OIHD) hereby publish the National List of Occupations in High Demand: 2018. All enquiries on the list can be directed to:

The Director-General, Private Bag X174, Pretoria, 0001, for attention: Ms M Ramasodi, Tel. 012 312 5345, email Ramasodi.m@dhet.gov.za. The list is available on the Departmental website: www.dhet.gov.za



Mrs GNM Pandor, MP

Minister of Higher Education and Training

Date: 11-5-2018